

Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk  
Registrasienommer 1990/005353/07  
Handeldrywend as

ORANIA



DORPSRAAD

*Ons bou die stad!*

## **Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk**

(Registrasie nommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate  
vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

Hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate is onafhanklik voorberei deur:

Enslins Kimberley Ingelyf  
Direkteur: L Ramsay CA(SA), RA

Logista CA(SA) Incorporated  
Geregistreeerde Ouditeure  
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)

Hierdie gekonsolideerde finansiële state is geaudit in ooreenstemming met die toepaslike vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika.

2 Augustus 2024 uitgereik

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Algemene inligting

---

<b>Land van inkorporasie en domisilie</b>	Suid-Afrika
<b>Aard van besigheid en hoofaktiwiteite</b>	Die bedryf van 'n aandeleblokskema ingevolge die Wet op die Beheer van Aandeleblokke
<b>Direkteure</b>	CA Strydom (Voorsitter) JH Maritz (Ondervoorsitter) JGH Roux JF van der Merwe (Bedank 11 Desember 2023) JA Venter (Aangestel 14 Desember 2023) ET Ferreira FJD de Klerk FD Joubert JJ van Staden (Bedank 13 Desember 2023) HC Conradie (Aangestel 15 September 2023)
<b>Geregistreerde kantoor</b>	Dorpskantoor Orania 8752
<b>Besigheidsadres</b>	Olienhoutrylaan S001 Orania 8752
<b>Posadres</b>	Posbus 115 Orania 8752
<b>Houermaatskappy</b>	Orania Aandeleblok (RF) Edms) Bpk
<b>Bankiers</b>	Standard Bank
<b>Ouditeur</b>	Logista CA(SA) Incorporated Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA) Geregistreerde Ouditeure Direkteur: GT Wessels GR(SA) RA
<b>Sekretaris</b>	JF van Wyk (Aangestel 1 Februarie 2022)
<b>Maatskappy registrasienuommer</b>	1990/005353/07
<b>Belastingverwysingsnommer</b>	9158/002/06/4
<b>Vlak van gerusstelling</b>	Hierdie gekonsolideerde finansiële state is geoudit in ooreenstemming met die toepaslike vereistes van die Maatskappywet, 71 van 2008, van Suid-Afrika.
<b>Opsteller</b>	Hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate is onafhanklik opgestel onder toesig van: Enslins Kimberley Ingelyf Direkteur: L Ramsay GR(SA) RA
<b>Uitgereik</b>	2 Augustus 2024

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Inhoudsopgawe

---

Die verslae en state soos vervat in die dokumente verteenwoordig die gekonsolideerde finansiële jaarstate wat aan die aandeelhouders voorgelê is:

	<b>Bladsy</b>
Verslag van die oudit - en risikokomitee	3 - 4
Direkteursverantwoordelikhede en -goedkeuring	5
Direkteursverslag	6 - 7
Onafhanklike ouditeursverslag	8 - 10
Staat van finansiële stand	11
Staat van omvattende inkomste	12
Staat van verandering in ekwiteit	13
Staat van kontantvloei	14
Rekeningkundige beleid	15 - 26
Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële jaarstate	27 - 73
Die volgende aanvullende inligting is nie deel van die gekonsolideerde finansiële state nie en is nie geudit nie:	
Volledige inkomstestaat	74 - 76

### Opsteller

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate is ekstern opgestel onder toesig van:

Enslins Kimberley Ingelyf

Direkteur: L Ramsay GR(SA) RA

### Uitgereik

2 Augustus 2024

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Verlag van die oudit - en risikokomitee

---

### 1. Samestelling van die oudit- en risikokomitee

Die Oudit- en Risikokomitee bestaan uit vier onafhanklike en gekwalifiseerde nie-uitvoerende direkteure. Die lede van die komitee vir die jaar onder oorsig is die volgende:

` Mnr FJD de Klerk, wat as voorsitter aangewys is

` Mnr FD Joubert

` Mnr JH Maritz

Die Uitvoerende Hoof en Hoof: Korporatiewe Dienste dien ex officio op die komitee en woon alle Oudit- en Risikokomitee vergaderings by, maar het nie stemreg nie.

### 2. Oudit- en risikokomitee vergaderings

Tydens die maandelikse Oudit – en Risikokomitee vergaderings word die volgende belangrikste besprekingspunte bespreek:

- Interne beheermaatreëls;
- Identifisering van risiko's;
- Die versekeringsportefeulje;
- Maandelikse bestuurstate;
- Bedryfsresultate vir 2023;
- Die eksterne ouditbeplanning vir 2023;
- Die eksterne ouditfooi vir 2023 by die direksie aanbeveel;
- Die bestuursverslag van finale ouditbevindings van die 2023 finansiële jaar van die onafhanklike ouditeure aan die direksie en Oudit- en Risikokomitee;
- Die finansiële jaarstate vir 2023;
- Die gekonsolideerde finansiële jaarstate vir 2023;
- Die bedryfsbegroting vir 2024;
- Die goedkeuring van die heraanstelling van die huidige onafhanklike ouditeure.

### 3. Interne finansiële beheermaatreëls

Die interne finansiële beheermaatreëls word deur die Beleid van Afwenteling van gesag bekragtig. Die Oudit – en Risikokomitee het die interne finansiële beheermaatreëls soos deur die Hoof: Korporatiewe Dienste deurgegee, geëvalueer. Die Beleid vir die Afwenteling van Gesag word jaarliks hersien om die veranderende finansiële omgewing se risiko's te beperk. Daar het niks onder die aandag van die Oudit – en Risikokomitee gekom wat enige aanduiding gegee het dat daar enige wesenlike swakhede in die maatskappy se interne finansiële beheermaatreëls bestaan nie. Die Oudit – en Risikokomitee is tevrede met die maatskappy se interne finansiële kontroles.

### 4. Gekonsolideerde finansiële jaarstate, rekeningkundige beleid en belastingrisiko

Die komitee het die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die maatskappy vir die jaar geëindig 31 Desember 2023 evalueer en gebaseer op die inligting wat voorsien is, is die komitee tevrede dat die gekonsolideerde finansiële jaarstate in alle wesenlike opsigte aan al die maatskappy se rekeningkundige beleide voldoen.

Die Oudit- en Risikokomitee oorweeg jaarliks die belangrikste belasting strategieë en risiko's wat verband hou met wetgewing, strukturering en voorgestelde transaksies en huidige belasting kwessies wat die groep affekteer deur jaarliks van 'n onafhanklike belastingkonsultant en/of regs-konsultant gebruik te maak.

## Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasiensnommer 1990/005353/07)


Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

---

Die komitee het aanbeveel dat die direksie die jaarlikse gekonsolideerde finansiële jaarstate goedkeur.

### 5. Onafhanklikheid van die ouditeure

Die Oudit- en Risikokomitee is ingevolge artikel 94 van die Maatskappywet nr.71 van 2008, tevrede dat die onafhanklike ouditeure, Logista CA(SA) Incorporated, onafhanklik is van die maatskappy en ander maatskappye in die groep.



---

FJD de Klerk  
Voorsitter

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Direkteursverantwoordelikhede en -goedkeuring

---

Die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis dat die direkteure toereikende rekeningkundige rekords moet handhaaf en verantwoordelik is vir die inhoud en integriteit van die gekonsolideerde finansiële jaarstate en verwante finansiële inligting wat in hierdie verslag ingesluit is. Dit is hul verantwoordelikheid om toe te sien dat die gekonsolideerde finansiële jaarstate 'n billike weergawe is van die stand van sake van die groep soos op die einde van die finansiële jaar en die resultate van sy bedrywighede en kontantvloeï vir die tydperk wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS). Die eksterne ouditeure word aangestel om 'n onafhanklike mening oor die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state uit te spreek.

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate is ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) opgestel en is gebaseer op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas word en wat deur redelike en omsigtige oordeel en ramings ondersteun word.

Die direkteure erken dat hulle uiteindelik verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer wat deur die groep ingestel is en plaas aansienlike klem op die handhawing van 'n streng beheeromgewing. Die direkteure stel standarde vir interne beheer wat daarop gemik is om die risiko van foute of verlies op 'n kostedoeltreffende wyse te verminder, om die direkteure in staat te stel om hierdie verantwoordelikhede na te kom. Die standarde sluit in die behoorlike delegering van verantwoordelikhede binne 'n duidelik gedefinieerde raamwerk, doeltreffende rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om 'n aanvaarbare risikovolke te verseker. Hierdie beheermaatreëls word deurgaans deur die groep gemonitor en alle werknemers word verplig om die hoogste etiese standarde te handhaaf om te verseker dat die groep se sake uitgevoer word op 'n wyse wat in alle redelike omstandighede onberispelik is. Die groep se fokus op risikobestuur is gerig op die identifisering, assessering, bestuur en monitering van alle bekende vorme van risiko's in die groep. Alhoewel die bedryfsrisiko nie ten volle uitgeskakel kan word nie, poog die groep om dit tot 'n minimum te beperk deur te verseker dat die toepaslike infrastruktuur, kontroles, stelsels en etiese gedrag binne voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas en bestuur word.


Die direkteure is van mening, gebaseer op die inligting en verduidelikings wat deur die bestuur verskaf is, dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die voorbereiding van die gekonsolideerde finansiële jaarstate op die finansiële rekords gesteun kan word. Enige interne finansiële beheerstelsel kan egter slegs redelike, en nie absolute, versekering bied teen enige wesenlike wanvoorstelling of verlies.

Die direkteure het die groep se kontantvloeivoorskatting vir die jaar tot 31 Desember 2024 nagegaan en, in die lig van hierdie oorsig en die huidige finansiële posisie, is hulle tevrede dat die groep genoegsame hulpbronne het of toegang gehad het tot voldoende hulpbronne vir die voorsienbare, toekomstige operasionele bestaan.

Die eksterne ouditeur is verantwoordelik vir die onafhanklike audit en verslagdoening van die groep en maatskappy se gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state. Die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state is deur die groep en maatskappy se eksterne ouditeur ondersoek en hul verslag is uiteengesit op bladsye 8 tot 10.

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate wat uiteengesit is op bladsye 11 tot 76, en voorberei is op die lopendesaa grondslag, is goedgekeur en onderteken namens die direksie op 2 Augustus 2024 deur:

### Goedkeuring van gekonsolideerde finansiële jaarstate



CA Strydom (Voorsitter)

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Direkteursverslag

---

Die direkteure bied hiermee hul verslag vir die gekonsolideerde finansiële jaarstate van Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk en die groep vir die jaar geëindig 31 Desember 2023 aan.

### 1. Aard van besigheid

Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk was geïnkorporeer in Suid-Afrika vir die bedryf van 'n aandeleblokskema ingevolge die Wet op die Beheer van Aandeleblokke. Die besigheid is in Suid-Afrika.

Daar was geen veranderinge in die aard van die maatskappy se besigheid vanaf die vorige jaar nie.

### 2. Oorsig van finansiële resultate en aktiwiteite

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate is opgestel in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en die vereistes van die Maatskappy Wet van Suid-Afrika. Die rekeningkundige beleid is konsekwent in vergelyking met die vorige jaar toegepas.

Volledige besonderhede van die finansiële stand, resultate van die bedrywighede en kontantvloeï van die maatskappy en die groep word in hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate uiteengesit.

### 3. Aandelekapitaal

			2023	2022
<b>Gemagtig</b>			Aantal aandele	Aantal aandele
Gewonde aandele			600,000	600,000
<b>Uitgereik</b>			Aantal aandele	Aantal aandele
	2023	2022	2023	2022
	R	R	Aantal aandele	Aantal aandele
Gewone aandele	1,200	1,200	120,000	120,000

Verwys na aantekening 13 van die gekonsolideerde finansiële jaarstate vir besonderhede van die beweging in gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal.

### 4. Dividende

Die maatskappy se dividendbeleid is oorweeg vir 'n tussentydse en 'n finale dividend ten opsigte van elke finansiële jaar. Afhangend van die behoefte om fondse vir uitbreiding of bedryfsdoeleindes te behou, en gegewe die huidige stand van die globale ekonomiese omgewing, glo die maatskappy en groep dat dit meer gepas sal wees vir die maatskappy en groep om kontant te spaar om te verseker dat die maatskappy en groep in 'n posisie geplaas is om enige langdurige ongunstige ekonomiese toestande te weerstaan. Daarom het die direksie besluit om nie 'n dividend vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2023 te verklaar nie.

### 5. Direkteure

Die direkteure in amp op die datum van hierdie verslag is as volg:

Direkteure	Hoedanigheid
CA Strydom (Voorsitter)	Nie-uitvoerend
JH Maritz (Ondervoorsitter)	Nie-uitvoerend
JGH Roux	Nie-uitvoerend
JF van der Merwe (Bedank 11 Desember 2023)	Nie-uitvoerend
JA Venter (Aangestel 14 Desember 2023)	Nie-uitvoerend
ET Ferreira	Nie-uitvoerend
FJD de Klerk	Nie-uitvoerend
FD Joubert	Nie-uitvoerend
JJ van Staden (Bedank 13 Desember 2023)	Nie-uitvoerend
HC Conradie (Aangestel 15 September 2023)	Nie-uitvoerend

### 6. Houermaatskappy

Die groep se houermaatskappy is Orania Aandeleblok (RF) Edms) Bpk wat in 1990 geïnkorporeer is.

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Direkteursverslag

---

### 7. Gebeure na die verslagdoeningstydperk

HC Conradie het op 8 Februarie 2024 bedank as direkteur van Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk.

### 8. Lopende saak

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate is opgestel op grond van rekeningkundige beleid wat op 'n lopende saak van toepassing is. Hierdie basis veronderstel dat fondse beskikbaar sal wees om toekomstige bedrywighede te finansier en dat die realisering van bates en vereffening van laste, voorwaardelike verpligtinge en verpligtinge in die gewone loop van besigheid sal plaasvind.

Die direkteure glo dat die maatskappy en groep oor voldoende finansiële hulpbronne beskik om vir die afsienbare toekoms in bedryf te bly en dienooreenkomstig is die gekonsolideerde finansiële jaarstate op 'n lopendesaakgrondslag opgestel. Die direkteure het hulself oortuig dat die maatskappy en groep in 'n gesonde finansiële posisie is en dat dit toegang het tot voldoende fondse om aan sy voorsienbare kontantbehoefte te voldoen. Die direkteure is nie bewus van enige nuwe wesenlike veranderinge wat die maatskappy en groep nadelig kan raak nie. Die direkteure is ook nie bewus van enige wesenlike nienakoming van statutêre of regulatoriese vereistes of van enige hangende veranderinge aan wetgewing wat die maatskappy en groep kan raak nie.

### 9. Ouditeure

Logista CA(SA) Incorporated is as die groep se ouditeur aangestel vir die 2023 finansiële jaar.

Die aandeelhouers sal by die algemene jaarvergadering versoek word om Logista CA(SA) Incorporated as die onafhanklike eksterne ouditeure vir die maatskappy en groep vir die 2024 finansiële jaar aan te stel en om Mnr. GT Wessels GR(SA) RA as die auditvennoot aan te wys.

### 10. Sekretaris

Die groepsekreteraris vir die 2023 finansiële jaar is Mnr JF van Wyk.

Posadres  
Posbus 115  
Orania  
8752

Besigheidsadres  
Dorpskantoor  
Orania  
8752



## ONAFHANKLIKE OUDITEURSVERSLAG

### Aan die Aandeelhouders van Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

#### Mening

Ons het die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state van Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk (die groep en maatskappy), soos uiteengesit op bladsye 11 tot 73, geoudit. Hierdie gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state bestaan uit die gekonsolideerde en afsonderlike state van finansiële stand soos op 31 Desember 2023, en die gekonsolideerde en afsonderlike state van omvattende inkomste, die gekonsolideerde en afsonderlike state van veranderings in ekwiteit en die gekonsolideerde en afsonderlike state van kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en aantekeninge tot die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state, insluitend 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid.

Na ons mening is die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële stand van die groep soos op 31 Desember 2023, en van die groep se gekonsolideerde en afsonderlike finansiële prestasie en gekonsolideerde en afsonderlike kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig 'International Financial Reporting Standards' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika.

#### Grondslag vir mening

Ons het ons oudit ooreenkomstig 'International Standards on Auditing' ('ISAs') uitgevoer. Ons verantwoordelikhede ingevolge daardie standaard word verder beskryf in die *Ouditeur se Verantwoordelikhede vir die Oudit van die Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State*-afdeling van ons verslag. Ons is onafhanklik van die groep en maatskappy in ooreenstemming met die 'Independent Regulatory Board for Auditors' se 'Code of Professional Conduct for Registered Auditors (IRBA Code)' en ander onafhanklikheidsvereistes wat van toepassing is op oudits van finansiële state in Suid-Afrika. Ons het ons ander etiese verantwoordelikhede ooreenkomstig die 'IRBA Code' en ooreenkomstig ander etiese vereistes wat van toepassing is op oudits in Suid-Afrika vervul. Die 'IRBA Code' is konsekwent met die ooreenstemmende artikels van die 'International Ethics Standards Board for Accountants' se 'International Code of Ethics for Professional Accountants (including International Independence Standards)'. Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

#### Ander inligting

Die direkteur is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting bestaan uit die inligting ingesluit in die dokument getiteld "Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk Gekonsolideerde Finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023", wat die Direkteursverslag soos vereis deur die Maatskappywet van Suid-Afrika asook die aanvullende inligting soos uiteengesit op bladsy 74 tot 76 insluit. Die ander inligting sluit nie die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state en ons ouditeursverslag daarvoor in nie.

Ons mening oor die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state dek nie die ander inligting nie en ons spreek geen ouditopinie of enige vorm van gerusstelling daarvoor uit nie.

In verband met ons oudit van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state is dit ons verantwoordelikheid om die ander inligting te lees, en sodoende te oorweeg of die ander inligting wesenlik teenstrydig is met die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state of kennis verkry gedurende die oudit, of andersins blyk om wesenlik wanvoorgestel te wees. Indien ons, op grond van die werk wat ons uitgevoer het op die ander inligting verkry voor die datum van die ouditeursverslag, tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n wesenlike

# LOGISTA

426 King's Highway  
Lynnwood  
Pretoria  
0081

+27 (0)12 362 1431  
+27 (0)86 296 1111  
info@logista.co.za  
www.logista.co.za

JDT Coetzee CA(SA), RA  
(Managing)  
AJ Bosman CA(SA), RA  
GT Wessels CA(SA), RA

Logista CA(SA) Inc.  
Reg. No.: 1992/003090/21  
SAICA Practice No.: 03041139  
IRBA Practice No.: 933759  
Independent Member of BKR Int.





wanvoorstelling van hierdie ander inligting is, word van ons vereis om daardie feit te rapporteer. Ons het niks om in hierdie verband te rapporteer nie.

### **Direkteure se verantwoordelikheid vir die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state**

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state ooreenkomstig 'International Financial Reporting Standards' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag vir die opstel van gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

As deel van die opstel van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state is die direkteure daarvoor verantwoordelik om die groep en die maatskappy se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan te beoordeel, en soos toepaslik aangeleentheid wat verband hou met lopende saak en die gebruik van die lopende-saak-grondslag van verslagdoening te openbaar, tensy die direkteure beplan om die groep en of die maatskappy te likwiedeer of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om dit te doen nie.

### **Ouditeur se verantwoordelikhede vir die audit van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state**

Ons doelwitte is om redelike gerusstelling te verkry of die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state as 'n geheel vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat ons mening bevat. Redelike gerusstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n audit wat ooreenkomstig die ISAs uitgevoer is altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor indien dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of in totaal wesenlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers wat op grond van hierdie gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state geneem word sal beïnvloed.

As deel van 'n audit ooreenkomstig die ISAs oefen ons professionele oordeel uit en handhaaf ons professionele skeptisisme deurlopend deur die audit. Ons doen ook die volgende:

- Identifiseer en beoordeel die risikos van wesenlike wanvoorstelling van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state, hetsy weens bedrog of foute, ontwerp en voer auditprosedures uit na aanleiding van daardie risikos, en verkry auditbewyse wat voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir ons auditmening te bied. Die risiko van nie-opsporing van 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van bedrog is groter as vir 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van foute, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, doelbewuste weglatings, wanvoorstellings, of die omseiling van interne beheer kan behels.
- Verkry 'n begrip van interne beheer relevant tot die audit ten einde auditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die groep en die maatskappy se interne beheer nie.
- Evalueer die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings en verwante openbaarmaking wat deur die direkteure gemaak is.
- Kom tot 'n gevolgtrekking oor die toepaslikheid van die direkteure se gebruik van die lopende-saak-grondslag van verantwoording, en gebaseer op auditbewyse verkry, kom tot 'n gevolgtrekking oor die bestaan van 'n wesenlike onsekerheid wat verband hou met gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan laat bestaan oor die groep en die maatskappy se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan. Waar ons tot die gevolgtrekking kom dat 'n wesenlike onsekerheid bestaan word daar van ons vereis om in ons ouditeursverslag aandag te vestig op die toepaslike openbaarmaking in die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state, of, indien sodanige openbaarmaking onvoldoende is, om ons mening te wysig. Ons gevolgtrekkings word gebaseer op auditbewyse

# LOGISTA

426 King's Highway  
Lynnwood  
Pretoria  
0081

+27 (0)12 362 1431  
+27 (0)86 296 1111  
info@logista.co.za  
www.logista.co.za

JDT Coetzee CA(SA), RA  
(Managing)  
AJ Bosman CA(SA), RA  
GT Wessels CA(SA), RA

Logista CA(SA) Inc.  
Reg. No.: 1992/003090/21  
SAICA Practice No.: 03041139  
IRBA Practice No.: 933759  
Independent Member of BKR Int.

25° 45' 33.6" S  
28° 15' 43.9" E

**BKR**  
INTERNATIONAL



verkry tot en met die datum van ons ouditeursverslag. Toekomstige gebeure en omstandighede mag egter daartoe aanleiding gee dat die groep en of die maatskappy ophou om as 'n lopende saak voort te bestaan.

- Evalueer die algehele voorstelling, struktuur en inhoud van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state, insluitende die openbaarmaking, en of die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure op só 'n manier weergee dat redelike voorstelling bereik word.
- Verkry voldoende toepaslike ouditbewyse in verband met die finansiële inligting van die entiteite of besigheidsaktiwiteite binne die groep om 'n mening oor die gekonsolideerde finansiële state uit te spreek. Ons is verantwoordelik vir die leiding, toesig en uitvoering van die groepsoudit. Ons bly uitsluitlik verantwoordelik vir ons ouditmening.

Ons kommunikeer met die direkteure oor, onder andere, die beplande omvang en tydsberekening van die oudit en beduidende ouditbevindinge, insluitende enige beduidende tekortkominge in interne beheer wat ons tydens ons oudit identifiseer.

**GT Wessels**  
**Direkteur**  
**Geregistreerde Ouditeur**

2 Augustus 2024

**L O G I S T A**

Ⓐ 426 King's Highway  
Lynnwood  
Pretoria  
0081

☎ +27 (0)12 362 1431  
☎ +27 (0)86 296 1111  
✉ info@logista.co.za  
🌐 www.logista.co.za

📍 JDT Coetzee CA(SA), RA  
(Managing)  
AJ Bosman CA(SA), RA  
GT Wessels CA(SA), RA

Logista CA(SA) Inc.  
Reg. No.: 1992/003090/21  
SAICA Practice No.: 03041139  
IRBA Practice No.: 933759  
Independent Member of BKR Int.



# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Staat van finansiële stand soos op 31 Desember 2023

Syfers in Rand	Aan- teke- ning(e)	Groep		Maatskappy	
		2023	2022	2023	2022
<b>Bates</b>					
<b>Nie-bedryfsbates</b>					
Eiendom, aanleg en toerusting	3	57,881,200	50,614,150	4,747,226	5,024,153
Ontasbare bates	4	1,792	6,187	1,792	3,154
Beleggings in filiale	5	-	-	11,046,403	11,046,403
Lenings aan groepmaatskappye	6	-	-	2,088,820	-
Ander finansiële bates	8	236,861	223,186	235,961	218,240
Uitgestelde belasting	9	6,458,749	3,384,864	220,879	155,930
		<b>64,578,602</b>	<b>54,228,387</b>	<b>18,341,081</b>	<b>16,447,880</b>
<b>Bedryfsbates</b>					
Vorraad	11	264,644	200,950	-	-
Lenings aan groepmaatskappye	6	-	-	3,110,429	-
Lenings aan werknemers		2,776	12,000	-	-
Handels- en ander debiteure	10	5,982,615	1,732,597	1,642,598	1,303,971
Inkomstebelasting ontvangbaar		315,133	206,750	174,977	66,594
Kontant en kontantekwivalente	12	8,785,316	9,363,197	5,025,084	5,386,321
		<b>15,350,484</b>	<b>11,515,494</b>	<b>9,953,088</b>	<b>6,756,886</b>
<b>Totale bates</b>		<b>79,929,086</b>	<b>65,743,881</b>	<b>28,294,169</b>	<b>23,204,766</b>
<b>Ekwiteit en aanspreeklikhede</b>					
<b>Ekwiteit</b>					
<b>Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van houermaatskappy</b>					
Aandelekapitaal	13	1,200	1,200	1,200	1,200
Behoue verdienste		41,360,278	31,476,950	24,527,789	20,317,581
		41,361,478	31,478,150	24,528,989	20,318,781
Nie-beherende belang		800,097	163,115	-	-
		<b>42,161,575</b>	<b>31,641,265</b>	<b>24,528,989</b>	<b>20,318,781</b>
<b>Laste</b>					
<b>Nie-bedryfslaste</b>					
Lenings vanaf aandeelhouers	7	35,424	35,424	35,424	35,424
Ander finansiële aanspreeklikhede	15	18,545,007	19,360,445	-	-
Uitgestelde belasting	9	5,019,775	3,114,794	132,123	129,300
		<b>23,600,206</b>	<b>22,510,663</b>	<b>167,547</b>	<b>164,724</b>
<b>Bedryfslaste</b>					
Handels- en ander krediteure	14	3,806,521	4,462,431	3,215,470	2,417,575
Ander finansiële aanspreeklikhede	15	4,445,069	1,106,552	-	-
Voorsienings	16	767,728	634,553	382,163	303,686
Bankoortrekking	12	5,147,987	5,388,417	-	-
		<b>14,167,305</b>	<b>11,591,953</b>	<b>3,597,633</b>	<b>2,721,261</b>
<b>Totale laste</b>		<b>37,767,511</b>	<b>34,102,616</b>	<b>3,765,180</b>	<b>2,885,985</b>
<b>Totale ekwiteit en aanspreeklikhede</b>		<b>79,929,086</b>	<b>65,743,881</b>	<b>28,294,169</b>	<b>23,204,766</b>

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Staat van omvattende inkomste

Syfers in Rand	Aan- teke- ning(e)	Groep		Maatskappy	
		2023	2022	2023	2022
Inkomste	17	50,868,873	43,256,884	28,253,454	23,977,762
Koste van verkope	18	(17,590,337)	(15,273,546)	(10,630,937)	(8,811,104)
<b>Bruto wins</b>		<b>33,278,536</b>	<b>27,983,338</b>	<b>17,622,517</b>	<b>15,166,658</b>
Ander inkomste	19	12,663,094	15,024,027	15,070,757	16,477,131
Bedryfskoste		(33,734,413)	(30,202,136)	(28,343,886)	(26,158,178)
<b>Bedryfswins</b>	20	<b>12,207,217</b>	<b>12,805,229</b>	<b>4,349,388</b>	<b>5,485,611</b>
Beleggingsinkomste	21	549,844	443,381	527,500	379,007
Finansieringskoste	22	(2,676,850)	(1,399,423)	-	(196)
<b>Wins voor belasting</b>		<b>10,080,211</b>	<b>11,849,187</b>	<b>4,876,888</b>	<b>5,864,422</b>
Belasting	23	440,099	(1,648,729)	(666,680)	(906,883)
<b>Wins vir die jaar</b>		<b>10,520,310</b>	<b>10,200,458</b>	<b>4,210,208</b>	<b>4,957,539</b>
Ander omvattende inkomste		-	-	-	-
<b>Totale omvattende inkomste vir die jaar</b>		<b>10,520,310</b>	<b>10,200,458</b>	<b>4,210,208</b>	<b>4,957,539</b>
<b>Wins toeskryfbaar aan:</b>					
Eienaars van Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk		9,883,328	9,916,391	4,210,208	4,957,539
Nie-beherende belang		636,982	284,067	-	-
		<b>10,520,310</b>	<b>10,200,458</b>	<b>4,210,208</b>	<b>4,957,539</b>
<b>Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:</b>					
Eienaars van Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk		9,883,328	9,916,391	4,210,208	4,957,539
Nie-beherende belang		636,982	284,067	-	-
		<b>10,520,310</b>	<b>10,200,458</b>	<b>4,210,208</b>	<b>4,957,539</b>

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Staat van verandering in ekwiteit

	Aandele- kapitaal	Behoue verdienste	Totaal toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die groep	Nie-beherende belang	Totale ekwiteit
Syfers in Rand					
<b>Groep</b>					
<b>Saldo op 1 Januarie 2022</b>	<b>1,200</b>	<b>21,556,084</b>	<b>21,557,284</b>	<b>(120,952)</b>	<b>21,436,332</b>
Wins vir die jaar	-	9,916,391	9,916,391	284,067	10,200,458
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-
<b>Totale omvattende inkomste vir die jaar</b>	<b>-</b>	<b>9,916,391</b>	<b>9,916,391</b>	<b>284,067</b>	<b>10,200,458</b>
Uitgestelde belasting aanpassing	-	(195,525)	(195,525)	-	(195,525)
Bateaanpassing	-	200,000	200,000	-	200,000
<b>Totale veranderinge</b>	<b>-</b>	<b>4,475</b>	<b>4,475</b>	<b>-</b>	<b>4,475</b>
<b>Saldo op 1 Januarie 2023</b>	<b>1,200</b>	<b>31,476,950</b>	<b>31,478,150</b>	<b>163,115</b>	<b>31,641,265</b>
Wins vir die jaar	-	9,883,328	9,883,328	636,982	10,520,310
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-
<b>Totale omvattende inkomste vir die jaar</b>	<b>-</b>	<b>9,883,328</b>	<b>9,883,328</b>	<b>636,982</b>	<b>10,520,310</b>
<b>Saldo op 31 Desember 2023</b>	<b>1,200</b>	<b>41,360,278</b>	<b>41,361,478</b>	<b>800,097</b>	<b>42,161,575</b>
Aantekening(e)	13				
<b>Maatskappy</b>					
<b>Saldo op 1 Januarie 2022</b>	<b>1,200</b>	<b>15,360,042</b>	<b>15,361,242</b>	<b>-</b>	<b>15,361,242</b>
Wins vir die jaar	-	4,957,539	4,957,539	-	4,957,539
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-
<b>Totale omvattende inkomste vir die jaar</b>	<b>-</b>	<b>4,957,539</b>	<b>4,957,539</b>	<b>-</b>	<b>4,957,539</b>
<b>Saldo op 1 Januarie 2023</b>	<b>1,200</b>	<b>20,317,581</b>	<b>20,318,781</b>	<b>-</b>	<b>20,318,781</b>
Wins vir die jaar	-	4,210,208	4,210,208	-	4,210,208
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-
<b>Totale omvattende inkomste vir die jaar</b>	<b>-</b>	<b>4,210,208</b>	<b>4,210,208</b>	<b>-</b>	<b>4,210,208</b>
<b>Saldo op 31 Desember 2023</b>	<b>1,200</b>	<b>24,527,789</b>	<b>24,528,989</b>	<b>-</b>	<b>24,528,989</b>
Aantekening(e)	13				

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Staat van kontantvloei

Syfers in Rand	Aan- teke- ning(e)	Groep		Maatskappy	
		2023	2022	2023	2022
<b>Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite</b>					
Kontant gegeneer deur bedrywighede	24	10,941,308	15,104,624	5,480,371	6,008,708
Belasting betaal	25	(837,190)	(1,731,773)	(837,190)	(713,101)
<b>Netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite</b>		<b>10,104,118</b>	<b>13,372,851</b>	<b>4,643,181</b>	<b>5,295,411</b>
<b>Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite</b>					
Byvoegings van eiendom, aanleg en toerusting	3	(10,865,466)	(19,898,887)	(332,448)	(2,204,735)
Verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	3	33,474	1,698,899	18,696	15,145
Aankoop van ontasbare bates	4	(1,199)	-	(1,199)	-
Groepmaatskappy lenings toegestaan		-	-	(5,199,249)	-
Toename in beleggings in filiale		-	-	-	(3,126,849)
Opbrengs van (terugbetaling aan) ander finansiële bates		(13,675)	223,799	-	(25,547)
Rente inkomste		531,695	404,359	509,351	339,985
Dividende ontvang		18,149	27,387	431	27,387
<b>Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite</b>		<b>(10,297,022)</b>	<b>(17,544,443)</b>	<b>(5,004,418)</b>	<b>(4,974,612)</b>
<b>Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite</b>					
Opbrengs op ander finansiële aanspreeklikhede		2,523,079	9,329,521	-	-
Opbrengs van lenings aan werknemers		9,224	(12,000)	-	-
Finansieringskoste	26	(2,676,850)	(1,399,423)	-	(196)
<b>Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite</b>		<b>(144,547)</b>	<b>7,918,097</b>	<b>-</b>	<b>(196)</b>
<b>Totale kontant beweging vir die jaar</b>		<b>(337,451)</b>	<b>3,746,505</b>	<b>(361,237)</b>	<b>320,800</b>
Kontant aan die begin van die jaar		3,974,779	228,275	5,386,321	5,065,521
<b>Kontant aan die einde van die jaar</b>	12	<b>3,637,329</b>	<b>3,974,780</b>	<b>5,025,084</b>	<b>5,386,321</b>

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Rekeningkundige beleid

---

### 1. Beduidende rekeningkundige beleide

Die wesenlike rekeningkundige beleid wat in die voorbereiding van hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate toegepas is, word hieronder uiteengesit.

#### Opstellingsgrondslag

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate is opgestel op die lopendesaakgrondslag in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde ('IFRS') en die Internasionale Finansiële Verslagdoeningskomitee ('IFRIC') interpretasies wat uitgereik en van krag was tydens die opstel van hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate en die Maatskappywet van Suid-Afrika, soos gewysig.

Hierdie gekonsolideerde finansiële jaarstate voldoen aan die vereistes van die SAIGR finansiële verslagdoeningsgidse soos uitgereik deur die Rekeningkunde Praktykkomitee en die uitsprake vir finansiële verslagdoening soos uitgereik deur die Raad vir Finansiële Verslagdoeningstandaarde.

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate is opgestel volgens die historiese kostekonvensie, tensy anders vermeld in die rekeningkundige beleid wat volg en die belangrikste rekeningkundige beleid hieronder uiteengesit bevat. Dit word aangebied in Rand, wat die funksionele geldeenheid van die onderneming is.

Hierdie rekeningkundige beleid stem ooreen met die vorige tydperk.

#### 1.1 Konsolidasie

##### Konsolidasiegrondslag

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate sluit die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die groep en al sy filiale in. Filiale is entiteite (insluitend gestruktureerde entiteite) wat deur die groep beheer word.

Beheer bestaan wanneer die groep die mag het om die finansiële en bedryfsbeleid van 'n entiteit sodanig te reguleer sodat voordele uit sy aktiwiteite verkry kan word.

Die resultate van filiale word vanaf die effektiewe datum van verkryging, tot die effektiewe datum van verkoop in die gekonsolideerde finansiële jaarstate ingesluit. Alle intergroep transaksies, saldo's, inkomste en uitgawes word uitgeskakel.

Aansuiwerings word, waar nodig, aangebring in die finansiële jaarstate van filiale om hul rekeningkundige beleid in ooreenstemming met die van die groep te bring.

Alle intermaatskappy-transaksies, saldo's en ongerealiseerde winste op transaksies tussen groepondernemings word ten volle by konsolidasie uitgeskakel. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel, tensy die transaksie bewys lewer van 'n waardedaling van die bate wat oorgedra is.

Nie-beherende belange in die netto bates van gekonsolideerde filiale word apart geïdentifiseer en erken van die groep se belang daarin, en word erken in die ekwiteit. Verliese van filiale toeskryfbaar aan nie-beherende belange word aan die nie-beherende belang toegewys, selfs al word die debietsaldo vir nie-beherende belang erken.

Transaksies met nie-beherende belange wat nie die verlies aan beheer tot gevolg het nie, word as ekwiteitstransaksies verantwoord en word direk in die Staat van Veranderinge in Ekwiteit erken.

Die verskil tussen die billike waarde van die vergoeding wat betaal of ontvang is en die beweging in nie-beherende belang vir sulke transaksies word erken in die ekwiteit toeskryfbaar aan die eienaars van die maatskappy.

Waar 'n filiaal van die hand gesit word en 'n nie-beherende aandeelhouing behou word, word die oorblywende belegging gemeet aan die billike waarde met die aanpassing na die billike waarde erken in die wins of verlies as deel van die wins of verlies met die verkoop van die beherende belang. Die billike waarde is die aanvanklike drabedrag vir die daaropvolgende boekhouding van die belang as geassosieerde, gesamentlike onderneming of finansiële bate. Daarbenewens word enige bedrae wat voorheen in ander omvattende inkomste ten opsigte van daardie entiteit erken is, verantwoord asof die groep die verwante bates of laste direk van die hand gesit het. Dit kan beteken dat bedrae wat voorheen in ander omvattende inkomste erken is, tot wins en verlies geklassifiseer word.

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Rekeningkundige beleid

---

### 1.2 Beduidende oordeel in die toepassing van rekeningkundige beleid

Die opstel van die gekonsolideerde finansiële jaarstate in ooreenstemming met IFRS. Dit vereis dat bestuur van tyd tot tyd beoordelings, ramings en aannames maak wat die toepassing van beleide en gerapporteerde bedrae van bates, laste, inkomste en uitgawes beïnvloed.

Hierdie ramings en gepaardgaande aannames is gebaseer op ervaring en verskeie ander faktore wat onder die omstandighede as redelik beskou word. Werklike resultate kan verskil van hierdie ramings. Die ramings en onderliggende aannames word deurlopend hersien. Hersienings aan rekeningkundige ramings word erken in die tydperk waarin die ramings hersien word en in enige toekomstige tydperke wat geraak word.

#### Krities beoordelings in die toepassing van rekeningkundige beleid

Die kritieke beoordelings wat die bestuur by die toepassing van rekeningkundige beleid maak, afgesien van die ramings wat die belangrikste effek op die bedrae wat in die gekonsolideerde finansiële jaarstate erken word, word soos volg uiteengesit:

#### Sleutel bronne van ramingsonsekerheid

##### Waardedalingstoetsing

Die waardedaling vir finansiële bates is gebaseer op aannames oor wanbetaling en verwagte verlieskoerse. Die maatskappy en groep gebruik oordeel om hierdie aannames te maak en die insette vir die waardedalingsberekening te kies, gebaseer op die geskiedenis van die maatskappy en groep, die huidige marktoestande sowel as vooruitskattings aan die einde van elke verslagtydperk, raadpleeg die individuele aantekeninge rakende finansiële bates vir besonderhede oor die belangrikste aannames en insette wat gebruik word.

##### Voorsienings

Voorsienings word inherent gebaseer op aannames en ramings deur die beste beskikbare inligting te gebruik.

##### Billike waarde skatting

Verskeie bates en laste van die groep word teen billike waarde gemeet.

Indien daar geen gekwoteerde prys is nie en daar geen onlangse bindende verkooppooreenkomste of onlangse transaksies vir die identiese of soortgelyke bates bestaan nie, sal die bestuur billike waarde bepaal deur toepaslike waardasie tegnieke toe te pas. Waarneembare markdata word gebruik as insette tot die mate wat dit beskikbaar is.

##### Beoordeling van waardedalings

Die maatskappy en groep beoordeel en toets die drawaarde van bates wanneer gebeure of omstandighedsveranderinge daarop dui dat die drabedrag moontlik nie verhaalbaar is nie. As sulke aanwysers bestaan, bepaal die bestuur die verhaalbare bedrag deur die gebruikswaarde en billike waarde-berekening uit te voer. Hierdie berekening vereis die gebruik van ramings en aannames. As dit nie moontlik is om die verhaalbare bedrag vir 'n individuele bate te bepaal nie, beoordeel die bestuur die verhaalbare bedrag vir die kontantgenererende eenheid waartoe die bate behoort.

##### Nuttige lewensduur en nutsduur van vaste eiendom, aanleg en toerusting

Die bestuur beoordeel die toepaslikheid van die bruikbare lewensduur van vaste eiendom aan die einde van elke verslagtydperk. Die lewensduur van die verskeie klasse van bates, soos in aantekening 1.3 aangedui, word bepaal op grond van die maatskappy se vervangingsbeleid vir die verskillende bates. Individuele bates in hierdie klasse, wat 'n beduidende drawaarde het, word afsonderlik beoordeel om te oorweeg of vervanging buite die normale vervangingsparameters nodig sal wees.

Wanneer die beraamde lewensduur van 'n bate verskil van vorige ramings, word die verandering toekomstig toegepas in die bepaling van die waardeverminderingskoste.

### 1.3 Eiendom, aanleg en toerusting

Eiendom, aanleg en toerusting is tasbare bates wat die maatskappy en groep hou vir eie gebruik of vir verhuring aan ander en wat na verwagting vir meer as een tydperk gebruik sal word.

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Rekeningkundige beleid

---

### 1.3 Eiendom, aanleg en toerusting (vervolg)

'n Item van eiendom, aanleg en toerusting word as 'n bate erken wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele wat verband hou aan die item na die maatskappy en groep sal vloei en die koste van die item betroubaar gemeet kan word.

Eiendom, aanleg en toerusting word aanvanklik teen kosprys gemeet. Koste sluit al die uitgawes in wat direk toeskryfbaar is aan die verkryging of konstruksie van die bate, insluitend die kapitalisering van leenkoste op kwalifiserende bates en aanpassings ten opsigte van verskansingsrekeningkunde, waar toepaslik.

Uitgawes wat daarna aangegaan is vir groot dienste, toevoegings tot of vervangings van dele van eiendom, aanleg en toerusting word gekapitaliseer indien dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele wat verband hou met die uitgawe na die maatskappy en groep sal vloei en die koste betroubaar gemeet kan word. Dag tot dag dienskosse word in die tydperk waarin dit aangegaan is by wins of verlies ingesluit.

Na aanvanklike erkenning word eiendom, aanleg en toerusting gemeet teen kosprys min opgelope waardevermindering en enige opgehoopte waardedalingsverliese, behalwe vir grond en geboue wat teen herwaardeerde bedrae getoon word. Die herwaardeerde bedrag is die billike waarde op die datum van herwaardasie minus enige daaropvolgende opgehoopte waardevermindering en waardedalingsverliese.

Depresiasie van 'n bate begin wanneer die bate beskikbaar is vir gebruik soos bedoel deur bestuur. Depresiasie word gehê om die bate se drabedrag oor sy geskatte nutsduur tot sy geraamde reswaarde af te skryf, deur gebruik te maak van 'n metode wat die patroon waarin die bate se ekonomiese voordele deur die maatskappy verbruik word die beste weerspieël. Gehuurde bates word op 'n konsekwente wyse afgeskryf oor die kortste van hul verwagte nuttige lewensduur en die huurtermyn. Depresiasie word nie teen 'n bate gehê as die beraamde reswaarde die drabedrag oorskry of gelyk is aan die bate nie. Depresiasie van 'n bate staak op die eerste van die datum waarop die bate as gehou vir verkoop geklassifiseer word of ontteken word.

Die nuttige lewensduur van items van eiendom, aanleg en toerusting is soos volg geëvalueer:

---

Item	Depresiasiemetode	Gemiddelde nuttige lewensduur
Grond	Reguitlyn	Onbepaald
Geboue	Reguitlyn	20 jaar
Aanleg en toerusting	Reguitlyn	4 - 6 jaar
Infrastruktuur bates	Reguitlyn	20 jaar
Klank- en kommunikasiesisteme en Hoofraamrekenaars	Reguitlyn	4 - 6 jaar
Telefoonstelsel	Reguitlyn	5 - 6 jaar
Meubels en vaste toebehore	Reguitlyn	5 - 7 jaar
Rekenaartoerusting	Reguitlyn	3 jaar
Motorvoertuie, trekkers en implemente	Reguitlyn	5 jaar
Elektrisiteitsaanleg	Reguitlyn	20 - 25 jaar
Sekuriteits- en ander veiligheidstoerusting	Reguitlyn	6 - 7 jaar
Gereedskap, masjienerie en toerusting	Reguitlyn	6 - 7 jaar
Kantoortoerusting	Reguitlyn	4 - 6 jaar
Historiese versameling	Reguitlyn	Onbepaald
Optiese vesel netwerk		Werk in proses

Die reswaarde, nuttige lewensduur en depresiasiemetode van elke bate word aan die einde van elke verslagdoeningsjaar hersien. Indien die verwagtinge van vorige ramings verskil, word die verandering vooruitskouend as 'n verandering in rekeningkundige raming verantwoord.

Elke deel van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting met 'n koste wat beduidend is in verhouding tot die totale koste van die item word afsonderlik afgeskryf.

Die depresiasie vir elke jaar word in wins of verlies erken tensy dit by die drabedrag van 'n ander bate ingesluit is.

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Rekeningkundige beleid

---

### 1.3 Eiendom, aanleg en toerusting (vervolg)

Waardedalingstoetse word op eiendom, aanleg en toerusting uitgevoer wanneer daar 'n aanduiding is dat dit moontlik in waarde gedaal het. Wanneer die drabedrag van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting hoër as die beraamde verhaalbare bedrag geassesseer word, word 'n waardedalingsverlies onmiddellik in wins of verlies erken om die drabedrag in ooreenstemming met die verhaalbare bedrag te bring.

'n Item van eiendom, aanleg en toerusting word onterken deur vervreemding of wanneer geen toekomstige ekonomiese voordele uit die voortgesette gebruik of vervreemding daarvan verwag word nie. Enige wins of verlies voortspruitend uit die onterkenning van 'n eiendom-, aanleg- en toerustingitem, word bepaal as die verskil tussen die netto verkoopsopbrengs, indien enige, en die drabedrag van die item, word by wins of verlies ingesluit wanneer die item onterken word.

### 1.4 Ontasbare bates

'n Ontasbare bate word erken wanneer:

- dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele verbonde aan die item na die maatskappy en groep sal vloei; en
- die koste van die item betroubaar gemeet kan word.

Ontasbare bates word aanvanklik teen kosprys erken en daarna teen kosprys minus opgehoopte amortisasie en opgehoopte waardedalingsverliese.

'n Ontasbare bate se nuttige lewensduur word as onbepaald beskou wanneer daar, gebaseer op alle relevante faktore, geen voorsienbare beperking is op die tydperk waarvoor die bate na verwagting netto kontantinvloei sal genereer nie. Amortisasie word nie vir hierdie ontasbare bates erken nie, maar dit word jaarliks vir waardedaling getoets en wanneer daar 'n aanduiding is dat die bate 'n waardedaling kan hê. Vir alle ander ontasbare bates word amortisasie op 'n reguitlynbasis oor hul nuttige lewensduur voorsien.

Die amortisasietydperk en die amortisasiemetode vir ontasbare bates word elke tydperkeinde hersien.

Die herassesering van die nuttige lewensduur van 'n ontasbare bate met 'n beperkte nuttige lewensduur nadat dit as onbepaald geklassifiseer is, is 'n aanduiding dat die batewaarde verminder kan word. Gevolglik word die bate vir waardedaling getoets en die oorblywende drabedrag word oor sy nuttige lewensduur geamortiseer.

Intern gegenereerde handelsmerke, maskoppe, publiseringsstitels, kliëntelyste en items soortgelyk in wese word nie as ontasbare bates erken nie.

Amortisasie word erken om die ontasbare bates op 'n reguitlynmetode af te skryf, as volg:

---

Item	Amortisasiemetode	Gemiddelde nutsduur
Rekenaarsagteware	Reguitlyn	3 jaar

---

### 1.5 Beleggings in filiale

Beleggings in filiale word gedra teen kosprys minus enige opgehoopte waardedalingsverliese. Dit sluit beleggings uit wat vir verkoop gehou word en gevolglik verantwoord word in ooreenstemming met IFRS 5 Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop en beëindigde bedrywighede.

### 1.6 Finansiële instrumente

#### Aanvanklike meting

Finansiële instrumente wat deur die maatskappy en groep gehou word, word geklassifiseer in ooreenstemming met die bepalinge van IFRS 9 Finansiële instrumente.

In die breë is die klassifikasieoortikthede, wat deur die maatskappy en groep aanvaar word, is in die algemeen soos volg:

#### Finansiële bates wat ekwiteits instrumente is:

- Verpligting teen billike waarde deur wins of verlies.

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Rekeningkundige beleid

---

### 1.6 Finansiële instrumente (vervolg)

#### Finansiële bates wat skuldinstrumente is:

- Geamortiseerde koste. (Hierdie kategorie is slegs van toepassing wanneer die kontraktuele bepalinge van die instrument op bepaalde datums aanleiding gee tot kontantvloei wat uitsluitlik kapitaal- en rente uitbetalings is op die kapitaal, en waar die instrumente gehou word onder 'n besigheidsmodel waarvan die doel bereik word deur die instrumente om kontraktuele kontantvloei in te samel).

#### Finansiële laste

- Geamortiseerde koste.

Aantekening 29 Finansiële instrumente en risikobestuur bied die finansiële instrumente aan wat deur die maatskappy en groep besit, gebaseer op hul spesifieke klassifikasies.

Alle gereelde aankope of verkope van finansiële bates word op 'n handelsdatumgrondslag erken en onterken. Gereelde manier aankope of verkope is aankope of verkope van finansiële bates wat lewering van bates vereis binne die tydsraamwerk wat deur regulasie of konvensie in die mark vasgestel is.

Die spesifieke rekeningkundige beleid vir die klassifikasie, erkenning en meting van elke tipe finansiële instrument wat deur die maatskappy en groep gehou word, word hieronder aangebied:

#### Lenings ontvang teen geamortiseerde koste

##### Klassifikasie

Lenings aan groepmaatskappye word geklassifiseer as finansiële bates wat daarna teen geamortiseerde koste gemeet word (aantekening 6).

Hulle is op hierdie wyse geklassifiseer omdat die kontraktuele bepalinge van hierdie lenings op bepaalde datums aanleiding gee tot kontantvloei wat uitsluitlik betalings van kapitaal en rente op die uitstaande kapitaal is, en die maatskappy en groep se besigheidsmodel is om die kontraktuele kontantvloei op hierdie lenings in te vorder.

##### Erkenning en meting

Lenings ontvangbaar word erken wanneer die maatskappy en groep 'n party tot die kontraktuele terme van die lening word. Die lenings word by aanvanklike erkenning gemeet teen billike waarde plus transaksiekoste, indien enige.

Hulle word daarna teen geamortiseerde koste gemeet.

Die geamortiseerde koste is die bedrag wat aanvanklik op die lening erken is, minus hoofbetalings, plus kumulatiewe amortisasie (rente) deur gebruik te maak van die effektiewe rentemetode van enige verskil tussen die aanvanklike bedrag en die uitkeerbedrag, aangepas vir enige waardedaling.

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Rekeningkundige beleid

---

### 1.6 Finansiële instrumente (vervolg)

#### Waardedaling

Die maatskappy en groep erken 'n waardedaling vir verwagte kredietverliese op alle lenings ontvangbaar gemeet teen geamortiseerde koste. Die bedrag van verwagte kredietverliese word by elke verslagdoeningsdatum bygewerk om veranderinge in kredietrisiko sedert aanvanklike erkenning van die onderskeie lenings te weerspieël.

Die maatskappy en groep meet die verliestoelaag teen 'n bedrag gelykstaande aan lewenslange verwagte kredietverliese wanneer daar 'n beduidende toename in kredietrisiko was sedert aanvanklike erkenning. As die kredietrisiko op 'n lening nie aansienlik toegeneem het sedert aanvanklike erkenning nie, dan word die waardedaling vir daardie lening gemeet teen 12 maande verwagte kredietverliese.

Lewenslange verwagte kredietverliese verteenwoordig die verwagte kredietverliese wat sal voortspruit uit alle moontlike wanbetalingsgebeure oor die verwagte lewensduur van 'n lening. Daarteenoor verteenwoordig 12 maande lewenslange verwagte kredietverliese die gedeelte van leeftyd lewenslange verwagte kredietverliese wat na verwagting voortspruit uit wanbetalingsgebeure op 'n lening wat moontlik is binne 12 maande na die verslagdoeningsdatum.

Om te bepaal of lewenslange verwagte kredietverliese of 12 maande lewenslange verwagte kredietverliese toegepas moet word, met ander woorde, of daar 'n beduidende toename in kredietrisiko sedert aanvanklike erkenning was al dan nie, oorweeg die maatskappy en groep of daar 'n beduidende toename in die risiko van 'n wanbetaling was, plaasvind sedert aanvanklike erkenning eerder as by bewyse dat 'n lening kredietverswak is op die verslagdoeningsdatum of van 'n werklike wanbetaling.

#### Krediet risiko

Besonderhede van kredietrisiko word in die spesifieke notas en die finansiële instrumente en risikobestuur (aantekening 29) aangespreek.

#### Onterkenning

Verwys na die "onterkenning" afdeling van die rekeningkundige beleid ten opsigte van onterkenning.

Enige winste of verliese wat ontstaan met die onterkenning van 'n lening ontvangbaar word ingesluit in wins of verlies met onterkenning winste / (verliese) van finansiële bates teen geamortiseerde koste.

#### Belegging in ekwiteite instrumente

##### Klassifikasie

Beleggings in ekwiteitsinstrumente word in (aantekening 8) weergegee. Hulle word as verpligte geklassifiseer teen billike waarde deur wins of verlies. As 'n uitsondering op hierdie klassifikasie kan die maatskappy en groep 'n onherroeplike verkiesing maak op 'n instrument volgens instrument en by aanvanklike erkenning om sekere beleggings in ekwiteitsinstrumente teen billike waarde deur ander omvattende inkomste aan te wys.

Die aanwysing as billike waarde deur ander omvattende inkomste word nooit gemaak op beleggings wat of vir verhandeling of voorwaardelike vergoeding in 'n besigheidsamevoeging gehou word nie.

##### Erkenning en meting

Beleggings in ekwiteitsinstrumente word erken wanneer die maatskappy en groep 'n party word by die kontraktuele bepaling van die instrument. Die beleggings word teen aanvanklike erkenning teen billike waarde gemeet. Transaksiekoste word by die aanvanklike boekwaarde gevoeg vir beleggings wat teen billike waarde deur ander omvattende inkomste aangewys is. Alle ander transaksiekoste word in die wins of verlies erken.

Beleggings in ekwiteitsinstrumente word vervolgens teen billike waarde gemeet, met veranderinge in billikewaarde wat in wins of verlies of in ander omvattende inkomste erken word (en in ekwiteit opgebou in die reserwe vir waardasie van beleggings), afhangende van hul klassifikasie. Dividende wat op aandelebeleggings ontvang word, word in die wins of verlies erken wanneer die reg van die geselekteerde entiteit die dividende ontvang het, tensy die dividende duidelik 'n verhaal van 'n gedeelte van die koste van die belegging verteenwoordig.

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Rekeningkundige beleid

---

### 1.6 Finansiële instrumente (vervolg)

#### Handels en ander debiteure

##### Klassifikasie

Handels- en ander debiteure, uitgesluit, waar van toepassing, BTW en vooruitbetalings, word geklassifiseer as finansiële bates wat daarna teen geamortiseerde koste gemeet word (aantekening 10).

Hulle is op hierdie wyse geklassifiseer omdat hul kontraktuele bepalinge op bepaalde datums aanleiding gee tot kontantvloei wat uitsluitlik betalings van kapitaal en rente op die uitstaande hoofsom is, en die maatskappy en groep se besigheidsmodel is om die kontraktuele kontantvloei op handels- en ander debiteure in te vorder.

##### Erkenning en meting

Handels- en ander debiteure word erken wanneer die maatskappy en groep 'n party word tot die kontraktuele bepalinge van die debiteure. Hulle word by aanvanklike erkenning gemeet teen billike waarde plus transaksiekoste, indien enige.

Hulle word daarna teen geamortiseerde koste gemeet.

Die geamortiseerde koste is die bedrag wat aanvanklik op die debiteure erken is, minus kapitaal terugbetalings, plus kumulatiewe amortisasie (rente) deur gebruik te maak van die effektiewe rente metode van enige verskil tussen die aanvanklike bedrag en die uitkeerbedrag, aangepas vir enige waardedaling.

##### Waardedaling

Die maatskappy en groep erken 'n waardedaling vir verwagte kredietverliese op handels- en ander debiteure, BTW en vooruitbetalings uitgesluit. Die bedrag van verwagte kredietverliese word by elke verslagdoeningsdatum bygewerk.

Die maatskappy en groep meet die waardedaling vir handels- en ander debiteure teen 'n bedrag gelykstaande aan lewenslange verwagte kredietverliese, wat die verwagte kredietverliese verteenwoordig wat uit alle moontlike wanbetalingsgebeure oor die verwagte lewensduur van die debiteure sal voortspruit.

##### Kredietrisiko

Besonderhede van kredietrisiko is ingesluit in die handels- en ander debiteure aantekening (aantekening 10) en die finansiële instrumente en risikobestuur aantekening (aantekening 30).

##### Onterkenning

Verwys na die "onterkenning" afdeling van die rekeningkundige beleid vir die beleide en prosesse wat met onterkenning verband hou.

Enige winste of verliese wat voortspruit uit die onterkenning van handels- en ander debiteure is ingesluit in wins of verlies met die ontkenningwinste (verliese) van finansiële bates teen geamortiseerde koste lynitem.

#### Lenings van verwante partye

##### Klassifikasie

Lenings van groepmaatskappye, word geklassifiseer as finansiële verpligtinge wat daarna teen geamortiseerde koste gemeet word.

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Rekeningkundige beleid

---

### 1.6 Finansiële instrumente (vervolg)

#### Erkenning en meting

Lenings en lenings van verwante partye word erken wanneer die maatskappy en groep 'n party tot die kontraktuele bepalings van die lening word. Die lenings word by aanvanklike erkenning gemeet teen billike waarde plus transaksiekoste, indien enige.

Hulle word daarna teen geamortiseerde koste gemeet deur die effektiewe rentemetode te gebruik.

Die effektiewe rentemetode is 'n metode om die geamortiseerde koste van 'n finansiële las te bereken en om rente-uitgawe oor die betrokke tydperk toe te wys. Die effektiewe rentekoers is die koers wat beraamde toekomstige kontantbetalings presies verdiskonteer (insluitend alle fooie en punte betaal of ontvang wat 'n integrale deel van die effektiewe rentekoers, transaksiekoste en ander premies of afslag vorm) deur die verwagte lewensduur van die finansiële las, of (waar toepaslik) 'n korter tydperk, tot die geamortiseerde koste van 'n finansiële las.

Finansieringskoste, bereken op die effektiewe rente-metode, word ingesluit by wins of verlies in finansieringskoste (aantekening 22).

Lenings stel die maatskappy en groep bloot aan likiditeitsrisiko en rentekoersrisiko. Verwys na aantekening 29 vir besonderhede van risiko blootstelling en die bestuur daarvan.

#### Handels en ander krediteure

##### Klassifikasie

Handels- en ander krediteure (aantekening 14), BTW en bedrae vooruit ontvang uitgesluit, word geklassifiseer as finansiële verpligtinge wat daarna teen geamortiseerde koste gemeet word.

##### Erkenning en meting

Hulle word erken wanneer die maatskappy 'n party tot die kontraktuele bepalings word, en word, by aanvanklike erkenning, teen billike waarde plus transaksiekoste, indien enige, gemeet.

Hulle word daarna teen geamortiseerde koste gemeet deur die effektiewe rentemetode te gebruik.

Die effektiewe rentemetode is 'n metode om die geamortiseerde koste van 'n finansiële las te bereken en om rente-uitgawe oor die betrokke tydperk toe te wys. Die effektiewe rentekoers is die koers wat beraamde toekomstige kontantbetalings presies verdiskonteer (insluitend alle fooie en punte betaal of ontvang wat 'n integrale deel van die effektiewe rentekoers, transaksiekoste en ander premies of afslag vorm) deur die verwagte lewensduur van die finansiële las, of (waar toepaslik) 'n korter tydperk, tot die geamortiseerde koste van 'n finansiële las.

Indien handels- en ander krediteure 'n beduidende finansieringskomponent bevat, en die effektiewe rentemetode lei tot die erkenning van rente-uitgawe, dan word dit ingesluit by wins of verlies in finansieringskoste (aantekening 22).

Handels- en ander krediteure stel die maatskappy bloot aan likiditeitsrisiko en moontlik aan rentekoersrisiko. Verwys na aantekening 29 vir besonderhede van risiko blootstelling en die bestuur daarvan.

#### Onterkenning

Verwys na die "onterkenning" afdeling van die rekeningkundige beleid vir die beleide en prosesse wat met onterkenning verband hou.

#### Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente word getoon teen drabedrag wat as billike waarde geag word.

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Rekeningkundige beleid

---

### 1.6 Finansiële instrumente (vervolg)

#### Onterkenning

##### Finansiële bates

Die maatskappy en groep onderken 'n finansiële bate slegs wanneer die kontraktuele regte op die kontantvloeï uit die bate verval, of wanneer dit die finansiële bate en wesenlik al die risiko's en voordele van eienaarskap van die bate aan 'n ander party oordra. Indien die maatskappy en groep nie wesenlik al die risiko's en voordele van eienaarskap oordra of behou nie en voortgaan om die oorgeplaaste bate te beheer, erken die maatskappy en groep sy behoue belang in die bate en 'n gepaardgaande aanspreeklikheid vir bedrae wat hy dalk moet betaal. Indien die maatskappy en groep wesenlik al die risiko's en voordele van eienaarskap van 'n oorgeplaaste finansiële bate behou, gaan die maatskappy en groep voort om die finansiële bate te erken en erken ook 'n gewaarborgde lening vir die opbrengs ontvang.

##### Finansiële laste

Die maatskappy en groep onderken finansiële verpligtinge wanneer, en slegs wanneer, die maatskappy verpligtinge nagekom word, gekanselleer word of dit verval. Die verskil tussen die drabedrag van die finansiële las wat onderken is en die teenprestasie betaal en betaalbaar, insluitend enige nie-kontant bates wat oorgedra is of laste aanvaar, word in wins of verlies erken.

### 1.7 Belasting

#### Lopende belasting bates en -laste

Lopende belasting vir huidige en vorige tydperke word, in die mate onbetaald, as 'n las erken. Indien die bedrag wat reeds betaal is ten opsigte van huidige en vorige tydperke die bedrag verskuldig vir daardie tydperke oorskry, word die bybetaling as 'n bate erken.

Lopende belastingverpligtinge (bates) vir die huidige en vorige tydperke word gemeet teen die bedrag wat na verwagting aan (verhaal van) die belastingowerhede betaal sal word, deur gebruik te maak van die belastingkoerse (en belastingwette) wat uitgevaardig of wesenlik verorden is teen die einde van die verslagdoeningstydperk.

#### Uitgestelde belasting bates en laste

'n Uitgesteldebelaasting-aanspreeklikheid word erken vir alle belasbare tydelike verskille, behalwe in die mate waarin die uitgesteldebelaasting-aanspreeklikheid ontstaan uit die aanvanklike erkenning van 'n bate of las in 'n transaksie wat ten tyde van die transaksie nóg rekeningkundige wins nóg belasbare wins raak ( belastingverlies).

'n Uitgesteldebelaastingbate word erken vir alle aftrekbare tydelike verskille in die mate dat dit waarskynlik is dat belasbare wins beskikbaar sal wees waarteen die aftrekbare tydelike verskil benut kan word. 'n Uitgesteldebelaastingbate word nie erken wanneer dit spruit uit die aanvanklike erkenning van 'n bate of las in 'n transaksie ten tyde van die transaksie nie, beïnvloed nóg rekeningkundige wins nóg belasbare wins (belastingverlies).

Uitgestelde belastingbates en -laste word gemeet teen die belastingkoerse wat na verwagting van toepassing sal wees op die tydperk wanneer die bate gerealiseer word of die las vereffen word, gebaseer op belastingkoerse (en belastingwette) wat verorden of wesenlik verorden is teen die einde van die verslagdoeningstydperk.

#### Belasting uitgawes

Lopende en uitgestelde belasting word as inkomste of 'n uitgawe erken en by wins of verlies vir die tydperk ingesluit, behalwe in die mate waarin die belasting spruit uit:

- 'n transaksie of gebeurtenis wat in dieselfde of 'n ander tydperk tot ander omvattende inkomste erken word, of
- 'n besigheidsamevoeging.

Lopende belasting en uitgestelde belasting word teen ander omvattende inkomste gehef of gekrediteer indien die belasting verband hou met items wat in dieselfde of 'n ander tydperk na ander omvattende inkomste gekrediteer of gehef word.

Lopende belasting en uitgestelde belasting word direk teen ekwiteit gehef of gekrediteer indien die belasting verband hou met items wat in dieselfde of 'n ander tydperk direk in ekwiteit gekrediteer of gehef word.

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Rekeningkundige beleid

---

### 1.8 Hure

Die maatskappy en groep evalueer of 'n kontrak 'n huurkontrak is, of dit bevat, by die aanvang van die kontrak.

'n Kontrak is, of bevat 'n huurkontrak indien die kontrak die reg oorgee om die gebruik van 'n geïdentifiseerde bate vir 'n tydperk te beheer in ruil vir vergoeding.

Om te bepaal of 'n kontrak 'n huurkontrak is of bevat, bepaal bestuur of die bate wat oorweeg word "geïdentifiseer" is, wat beteken dat die bate óf uitdruklik óf implisiet in die kontrak gespesifiseer word en dat die verskaffer nie 'n wesentlike reg het nie. Sodra bestuur tot die gevolgtrekking gekom het dat die kontrak oor 'n geïdentifiseerde bate handel, word die reg om die gebruik daarvan te beheer, oorweeg. Vir hierdie doel bestaan beheer oor die gebruik van 'n geïdentifiseerde bate slegs wanneer die maatskappy en groep die reg het op wesentlik al die ekonomiese voordele uit die gebruik van die bate sowel as die reg om die gebruik van die bate te rig.

In omstandighede waar die bepaling van of die kontrak 'n huurkontrak is of 'n huurkontrak bevat beduidende oordeel vereis, word die relevante openbaarmakings verskaf in die afdeling vir beduidende oordeel en bronne van skattingsonsekerheid van hierdie rekeningkundige beleid.

#### Maatskappy en groep as huurder

'n Huurverpligting en ooreenstemmende gebruiksreg-bate word erken op die huurkontrak-aanvangsdatum, vir alle huurooreenkomste waarvoor die maatskappy en groep 'n huurder is, behalwe vir korttermyn-huurkontrakte van 12 maande of minder, of huurkontrakte van laewaarde-bates. Vir hierdie huurkontrakte erken die maatskappy en groep die huurbetalings as 'n bedryfsuitgawe (aantekening 20) op 'n reguitlynggrondslag oor die termyn van die huurkontrak, tensy 'n ander sistematiese basis meer verteenwoordigend is van die tydpatroon waarin ekonomiese voordele uit die gehuurde bate, geabsorbeer is.

Die verskillende huur- en nie-huurkomponente van kontrakte wat huurkontrakte bevat, word afsonderlik verantwoord, met teenprestasie wat aan elke huurkomponent toegeken word op grond van die relatiewe selfstandige pryse van die huurkomponente en die totale selfstandige prys van die nie- huurkomponente (waar nie-huurkomponente bestaan).

As 'n uitsondering op die voorafgaande paragraaf, het die maatskappy egter verkies om nie die nie-huurkomponente vir huurkontrakte van grond en geboue, te skei nie.

#### Maatskappy en groep as verhuurder

Huurkontrakte waarvoor die maatskappy en groep 'n verhuurder is, word geklassifiseer as bruikhure of bedryfshure. Wanneer die bepalinge van die huurkontrak wesentlik al die risiko's en voordele van eienaarskap aan die huurder oordra, word die kontrak as 'n bruikhuur geklassifiseer. Alle ander huurkontrakte word as bedryfshure geklassifiseer. Huurklassifikasie word gemaak by aanvang en word slegs herwaardeer indien daar 'n huurwysiging is.

Wanneer die maatskappy en groep 'n intermedieë verhuurder is, verantwoord dit die hoofhuur en die onderverhuur as twee afsonderlike kontrakte. Die onderverhuur word as 'n bruiks- of bedryfshuur geklassifiseer deur te verwys na die reg-van-gebruik-bate wat voortspruit uit die hoofhuur. As die hoofhuurkontrak 'n korttermynhuurkontrak is waarop die maatskappy en groep die vrystelling toepas wat voorheen beskryf is, dan klassifiseer dit die onderverhuur as 'n bedryfshuur.

Die verskillende huurkontrakte en nie-huurkomponente van kontrakte wat huurkontrakte bevat, word afsonderlik verantwoord, met teenprestasie wat toegewys word deur die toepassing van IFRS 15.

### 1.9 Voorraad

Voorraad word gemeet teen die laagste van die kosprys en beraamde verkoopsprys minus koste om te voltooi en te verkoop, op die eerste-in-eerste-uit (EIEU) grondslag.

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Rekeningkundige beleid

---

### 1.10 Waardedaling van bates

Die maatskappy en groep beoordeel aan elke einde van die verslagdoeningstydperk of daar enige aanduiding is dat 'n bate se waarde kan daal. Indien enige sodanige aanduiding bestaan, skat die maatskappy en groep die verhaalbare bedrag van die bate.

Ongeag of daar enige aanduiding van waardedaling is beoordeel, die maatskappy en groep ook:

- toets ontasbare bates met 'n onbepaalde nuttige lewensduur of ontasbare bates wat nog nie vir gebruik beskikbaar is nie, jaarliks vir waardedaling deur die drabedrag daarvan met die verhaalbare bedrag te vergelyk. Hierdie waardedalingstoets word gedurende die jaarlikse tydperk en op dieselfde tyd elke tydperk uitgevoer.
- toets klandisiewaarde wat in 'n besigheidsamevoeging verkry is, jaarliks vir waardedaling.

Indien daar enige aanduiding is dat 'n bate se waarde kan daal, word die verhaalbare bedrag vir die individuele bate geraam. Indien dit nie moontlik is om die verhaalbare bedrag van die individuele bate te skat nie, word die verhaalbare bedrag van die kontantgenererende eenheid waaraan die bate behoort bepaal.

Die verhaalbare bedrag van 'n bate of 'n kontantgenererende eenheid is die hoogste van sy billike waarde minus koste om te verkoop en sy gebruikswaarde.

Indien die verhaalbare bedrag van 'n bate minder as sy drabedrag is, word die drabedrag van die bate tot sy verhaalbare bedrag verminder. Daardie vermindering is 'n waardedalingsverlies.

'n Waardedalingsverlies van bates gedra teen kosprys min opgehoopte waardevermindering of amortisasie word onmiddellik erken deur wins en verlies. Enige waardedalingsverliese of herwaardeerde bates word hanteer as herwaardasie afname.

'n Entiteit beoordeel op elke verslagdoeningsdatum of daar enige aanduiding is dat 'n waardedalingsverlies wat in vorige tydperke erken is vir bates anders as klandisiewaarde, dalk nie meer bestaan nie of dalk afgeneem het. Indien enige sodanige aanduiding bestaan, word die verhaalbare bedrae van daardie bates geraam.

Die verhoogde drabedrag van 'n bate anders as klandisiewaarde wat toeskryfbaar is aan 'n terugskrywing van 'n waardedalingsverlies, oorskry nie die drabedrag wat bepaal sou gewees het as geen waardedalingsverlies vir die bate in vorige tydperke erken is nie.

'n Terugskrywing van 'n waardedalingsverlies van bates gedra teen kosprys min opgelope waardevermindering of amortisasie anders as klandisiewaarde word onmiddellik in wins of verlies erken. Enige terugskrywing van 'n waardedalingsverlies van 'n herwaardeerde bate word as 'n herwaardasieverhoging hanteer.

### 1.11 Aandelekapitaal en ekwiteit

'n Ekwiteitsinstrument is enige kontrak wat bewys is van 'n oorblywende belang in die bates van 'n entiteit nadat al sy laste afgetrek is.

### 1.12 Werknemervoordele

#### Korttermyn werknemervoordele

Die koste van korttermyn werknemervoordele, (dié betaalbaar binne 12 maande nadat die diens gelewer is, soos betaalde vakansieverlof en bonusse, word erken in die tydperk waarin die diens gelewer word en word nie afslag gegee nie.

Die verwagte koste van vergoede afwesighede word as 'n uitgawe erken namate die werknemers dienste lewer wat hul aanspraak verhoog of, in die geval van nie-akkumulerende afwesighede, wanneer die afwesigheid plaasvind.

Die verwagte koste van winsdeling en bonusbetalings word as 'n uitgawe erken wanneer daar 'n wetlike of konstruktiewe verpligting is om sulke betalings te maak as gevolg van vorige prestasie.

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Rekeningkundige beleid

---

### 1.13 Voorsienings en voorwaardelike aanspreeklikhede

Voorsienings word erken wanneer:

- die maatskappy en groep 'n huidige verpligting het as gevolg van 'n vorige gebeurtenis;
- dit waarskynlik is dat 'n uitvloeï van hulpbronne wat ekonomiese voordele vergestalt, nodig sal wees om die verpligting te vereffen; en
- 'n betroubare skatting van die verpligting gemaak kan word.

Die bedrag van 'n voorsiening is die huidige waarde van die uitgawe wat verwag word om die verpligting te vereffen.

Waar verwag word dat sommige of al die uitgawes wat nodig is om 'n voorsiening te vereffen deur 'n ander party terugbetaal sal word, sal die terugbetaling erken word wanneer, en slegs wanneer, dit feitlik seker is dat terugbetaling ontvang sal word indien die entiteit die verpligting vereffen. Die terugbetaling sal as 'n afsonderlike bate hanteer word. Die bedrag wat vir die terugbetaling erken word, mag nie die bedrag van die voorsiening oorskry nie.

Voorsienings word nie erken vir toekomstige bedryfs verliese nie.

Indien 'n entiteit 'n kontrak het wat beswarend is, moet die huidige verpligting ingevolge die kontrak erken en gemeet word as 'n voorsiening.

'n Konstruktiewe verpligting om te herstruktureer ontstaan slegs wanneer 'n entiteit:

- 'n gedetailleerde formele plan het vir die herstrukturering, wat ten minste identifiseer:

- die betrokke besigheid of deel van 'n besigheid;
- die hoofliggings wat geraak word;
- die ligging, funksie en aantal werknemers wie vergoed moet word om hul dienste te beëindig;
- die uitgawes wat aangegaan sal word; en
- wanneer die plan geïmplimenteer gaan word; en

- het 'n geldige verwagting by diegene wat geraak word geopper dat dit die herstrukturering sal uitvoer deur daardie plan te begin implementeer of die hoofkenmerke daarvan aan diegene wat daardeur geraak word bekend te maak.

Na hul aanvanklike erkenning word voorwaardelike aanspreeklikhede wat in besigheidsamevoegings erken word wat afsonderlik erken word, daarna gemeet teen die hoogste van:

- die bedrag wat as 'n voorsiening erken word; en
- die bedrag aanvanklik erken as die kumulatiewe amortisasie.

Voorwaardelike bates en voorwaardelike aanspreeklikhede word nie erken nie.

### 1.14 Inkomste uit kontrakte met kliënte

Die maatskappy en groep erken inkomste uit die volgende hoofbronne:

- Verkope van water en elektrisiteit, en ander produkte
- Heffings en administrasie fooie vir dienste gelewer

Inkomste word gemeet op grond van die teenprestasie gespesifiseer in 'n kontrak met 'n kliënt en sluit bedrae wat namens derde partye ingevorder word uit. Die maatskappy en groep erken inkomste wanneer dit beheer oor 'n produk of diens aan 'n kliënt oordra.

### 1.15 Leenkoste

Alle ander leenkoste word erken as 'n uitgawe in die periode wat dit ontstaan.

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële jaarstate

	Groep		Maatskappy	
Syfers in Rand	2023	2022	2023	2022

### 2. Nuwe standaarde en Interpretasies

#### 2.1 Standaarde en interpretasies wat effektief en in die huidige jaar aangeneem is

In die huidige jaar het die maatskappy en die groep die volgende standaarde en interpretasies aanvaar wat vir die huidige finansiële jaar van krag is en wat relevant is tot sy bedrywighede:

Standaard/Interpretasie	Effektiewe datum	Verwagte impak
Uitgestelde belasting wat verband hou met bates en laste voortspruitend uit 'n enkele transaksie - Wysigings aan IAS 12	01 Januarie 2023	Geen wesenlike impak
Openbaarmaking van rekeningkundige beleid: Wysigings aan IAS 1 en IFRS Praktiekverklaring 2.	01 Januarie 2023	Rekeningkundige beleid moet aangepas wees vir slegs wesenlike rekeningkundige beleid
Definisie van rekeningkundige ramings: Wysigings aan IAS 8	01 Januarie 2023	Geen wesenlike impak
IFRS 17 Versekeringskontrakte	01 Januarie 2023	Geen wesenlike impak
Internasionale Belastinghervorming — Twee pilaarmodelreëls (Wysigings aan IAS 12) — Toepassing van die uitsondering en openbaarmaking van daardie feit	23 Mei 2023	Geen wesenlike impak

#### 2.1 Standaarde en interpretasies nog nie effektief nie

Die maatskappy en groep het besluit om nie die volgende standaarde en interpretasies, wat gepubliseer is en verpligtend is vir die maatskappy en groep se rekeningkundige tydperke wat op of na 1 Januarie 2024 of later tydperke begin, aan te neem nie:

Standaard/Interpretasie	Effektiewe datum: Jare wat begin op of na	Verwagte impak
• Klassifikasie van aanspreeklikhede as bedryf of nie-bedryf - Wysiging aan IAS 1	01 Januarie 2024	Onwaarskynlik dat daar 'n wesenlike impak sal wees
• Verskaffersfinansieringsreëlins (wysigings aan IAS 7 en IFRS 7)	01 Januarie 2024	Onwaarskynlik dat daar 'n wesenlike impak sal wees
• Wysigings aan huuraanspreeklikheid in verkoop en terughuur	01 Januarie 2024	Onwaarskynlik dat daar 'n wesenlike impak sal wees
• Nie-bedryfslaste met kontrakte (Wysigings aan IAS 1)	01 Januarie 2024	Onwaarskynlik dat daar 'n wesenlike impak sal wees

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële jaarstate

Syfers in Rand	Groep		Maatskappy	
	2023	2022	2023	2022

### 3. Eiendom, aanleg en toerusting

Groep	2023			2022		
	Kosprys of herwaardasie	Opgehoopte depresiasie en waardedaling	Drawaarde	Kosprys of herwaardasie	Opgehoopte depresiasie en waardedaling	Drawaarde
Grond en geboue	17,559,549	-	17,559,549	17,212,611	-	17,212,611
Elektrisiteitsaanleg	13,306,933	(1,118,931)	12,188,002	9,237,854	(607,161)	8,630,693
Infrastruktuurbaates	24,599,260	(5,081,070)	19,518,190	21,253,613	(3,965,968)	17,287,645
Aanleg en toerusting	1,212,217	(806,975)	405,242	1,122,492	(653,189)	469,303
Meubels en vaste toebehore	1,415,799	(797,023)	618,776	1,343,824	(607,786)	736,038
Motorvoertuie, trekkers en implemente	5,343,385	(2,913,003)	2,430,382	4,247,523	(2,402,437)	1,845,086
Kantoortoerusting	159,260	(72,828)	86,432	96,298	(57,527)	38,771
Rekenaartoerusting	1,674,951	(925,159)	749,792	1,647,402	(632,183)	1,015,219
Historiese versamelings	20,000	-	20,000	20,000	-	20,000
Sekuriteits- en ander veiligheidstoerusting	1,627,634	(876,386)	751,248	1,375,949	(727,424)	648,525
Klank- en kommunikasiestelsel en Hoofraamrekenaars	189,956	(127,246)	62,710	151,694	(107,657)	44,037
Gereedskap, masjienerie en toerusting	2,505,234	(1,343,709)	1,161,525	2,233,419	(1,064,020)	1,169,399
Telefoonstelsel	186,385	(135,695)	50,690	186,691	(111,302)	75,389
Optiese vesel netwerk	2,370,016	(91,354)	2,278,662	1,439,427	(17,993)	1,421,434
<b>Totaal</b>	<b>72,170,579</b>	<b>(14,289,379)</b>	<b>57,881,200</b>	<b>61,568,797</b>	<b>(10,954,647)</b>	<b>50,614,150</b>

Maatskappy	2023			2022		
	Kosprys of herwaardasie	Opgehoopte depresiasie en waardedaling	Drawaarde	Kosprys of herwaardasie	Opgehoopte depresiasie en waardedaling	Drawaarde
Grond en geboue	2,940,855	-	2,940,855	2,940,855	-	2,940,855
Infrastruktuurbaates	115,974	(11,637)	104,337	115,974	(5,839)	110,135
Aanleg	1,183,775	(806,975)	376,800	1,122,492	(653,189)	469,303
Meubels en vaste toebehore	1,057,342	(567,956)	489,386	985,367	(436,722)	548,645
Motorvoertuie, trekkers en implemente	572,299	(272,889)	299,410	526,299	(200,751)	325,548
Kantoortoerusting	151,545	(71,588)	79,957	94,307	(57,170)	37,137
Rekenaartoerusting	868,635	(509,130)	359,505	829,977	(376,069)	453,908
Historiese versamelings	20,000	-	20,000	20,000	-	20,000
Klanktoerusting	145,016	(118,730)	26,286	144,109	(100,876)	43,233
Telefoonstelsel	186,385	(135,695)	50,690	186,691	(111,302)	75,389
<b>Totaal</b>	<b>7,241,826</b>	<b>(2,494,600)</b>	<b>4,747,226</b>	<b>6,966,071</b>	<b>(1,941,918)</b>	<b>5,024,153</b>

## Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

### Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële jaarstate

Syfers in Rand	Groep		Maatskappy	
	2023	2022	2023	2022

#### 3. Eiendom, aanleg en toerusting (vervolg)

##### Rekonsiliasie van eiendom, aanleg en toerusting - Groep - 2023

	Openingsaldo	Byvoegings	Verkope	Depre- siasie	Eindsaldo
Grond en geboue	17,212,611	346,938	-	-	17,559,549
Elektrisiteitsaanleg	8,630,693	4,069,080	-	(511,771)	12,188,002
Infrastruktuurbaates	17,287,645	3,345,647	-	(1,115,102)	19,518,190
Aanleg en toerusting	469,303	89,725	-	(153,786)	405,242
Meubels en vaste toebehore	736,038	71,975	-	(189,237)	618,776
Motorvoertuie, trekkers en implemente	1,845,086	1,146,218	(15,301)	(545,621)	2,430,382
Kantoortoerusting	38,771	62,962	-	(15,301)	86,432
Rekenaartoerusting	1,015,219	94,827	(19,763)	(340,491)	749,792
Historiese versamelings	20,000	-	-	-	20,000
Sekuriteits- en ander veiligheidstoerusting	648,525	284,618	(10,409)	(171,486)	751,248
Klank- en kommunikasiesstelsel en	44,037	38,478	(60)	(19,745)	62,710
Hoofraamrekenaars					
Gereedskap, masjienerie en toerusting	1,169,399	398,667	(50,502)	(356,039)	1,161,525
Telefoonstelsel	75,389	-	(104)	(24,595)	50,690
Optiese vesel netwerk	1,421,434	930,589	-	(73,361)	2,278,662
	<b>50,614,150</b>	<b>10,879,724</b>	<b>(96,139)</b>	<b>(3,516,535)</b>	<b>57,881,200</b>

##### Rekonsiliasie van eiendom, aanleg en toerusting - Groep - 2022

	Openingsaldo	Byvoegings	Verkope	Oorgedra vanaf werk-in- proses	Depre- siasie	Eindsaldo
Grond en geboue	3,144,849	14,174,508	(106,746)	-	-	17,212,611
Elektrisiteitsaanleg	7,677,208	1,424,721	-	-	(471,236)	8,630,693
Infrastruktuurbaates	9,877,654	1,437,145	(47,927)	6,713,519	(692,746)	17,287,645
Aanleg en toerusting	638,590	70,131	-	-	(239,418)	469,303
Meubels en vaste toebehore	917,447	32,858	(10,523)	-	(203,744)	736,038
Motorvoertuie, trekkers en implemente	2,035,453	290,958	(7,586)	-	(473,739)	1,845,086
Kantoortoerusting	47,623	6,591	-	-	(15,443)	38,771
Rekenaartoerusting	283,597	1,033,517	(9,396)	-	(292,499)	1,015,219
Historiese versamelings	20,000	-	-	-	-	20,000
Sekuriteits- en ander veiligheidstoerusting	805,814	167,271	(121,356)	-	(203,204)	648,525
Klank- en kommunikasiesstelsel en	82,593	-	-	-	(38,556)	44,037
Hoofraamrekenaars						
Gereedskap, masjienerie en toerusting	1,430,073	94,340	-	-	(355,014)	1,169,399
Telefoonstelsel	112,014	-	-	-	(36,625)	75,389
Oksidasiedamme en Optiese vesel netwerk	6,786,162	1,366,785	-	(6,713,519)	(17,994)	1,421,434
	<b>33,859,077</b>	<b>20,098,825</b>	<b>(303,534)</b>	-	<b>(3,040,218)</b>	<b>50,614,150</b>

## Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

### Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële jaarstate

Syfers in Rand	Groep		Maatskappy	
	2023	2022	2023	2022

#### 3. Eiendom, aanleg en toerusting (vervolg)

##### Rekonsiliasie van eiendom, aanleg en toerusting - Maatskappy - 2023

	Openingsaldo	Byvoegings	Verkope	Depresiasie	Eindsaldo
Grond en geboue	2,940,855	-	-	-	2,940,855
Infrastruktuurbaates	110,135	-	-	(5,798)	104,337
Aanleg	469,303	61,283	-	(153,786)	376,800
Meubels en vaste toebehore	548,645	71,975	-	(131,234)	489,386
Motorvoertuie, trekkers en implemente	325,548	46,000	-	(72,138)	299,410
Kantoortoerusting	37,137	57,238	-	(14,418)	79,957
Rekenaartoerusting	453,908	94,828	(18,533)	(170,698)	359,505
Historiese versamelings	20,000	-	-	-	20,000
Klanktoerusting	43,233	1,124	(61)	(18,010)	26,286
Telefoonstelsel	75,389	-	(104)	(24,595)	50,690
	<b>5,024,153</b>	<b>332,448</b>	<b>(18,698)</b>	<b>(590,677)</b>	<b>4,747,226</b>

##### Rekonsiliasie van eiendom, aanleg en toerusting - Maatskappy - 2022

	Openingsaldo	Byvoegings	Verkope	Depresiasie	Eindsaldo
Grond en geboue	1,387,514	1,553,341	-	-	2,940,855
Infrastruktuurbaates	67,209	48,330	-	(5,404)	110,135
Aanleg	638,590	70,131	-	(239,418)	469,303
Meubels en vaste toebehore	671,703	29,032	(6,844)	(145,246)	548,645
Motorvoertuie, trekkers en implemente	305,379	90,958	-	(70,789)	325,548
Kantoortoerusting	47,623	4,600	-	(15,086)	37,137
Rekenaartoerusting	198,894	408,343	(8,301)	(145,028)	453,908
Historiese versamelings	20,000	-	-	-	20,000
Klanktoerusting	79,260	-	-	(36,027)	43,233
Telefoonstelsel	112,014	-	-	(36,625)	75,389
	<b>3,528,186</b>	<b>2,204,735</b>	<b>(15,145)</b>	<b>(693,623)</b>	<b>5,024,153</b>

#### Eiendom, aanleg en toerusting belas as sekuriteit

Die volgende bates is dien as sekuriteit vir die versekerde langtermyn-lenings 15:

Gedeelte 44 van plaas nr 272 (teen kosprys)	9,965,259	9,965,259	-	-
Gedeelte 44 van plaas nr 272 dien as sekuriteit vir die lening vanaf OSK Koöperatiewe Bank Beperk.				
MCM 37X Compact TLB (teen drawaarde)	476,021	-	-	-
Die TLB dien as sekuriteit vir die lening vanaf OSK Koöperatiewe Bank Beperk LO050.				
Aandeleblok S001 gehou in Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk (teen kosprys)	115,625	115,625	-	-
Aandeleblok S001 dien as sekuriteit vir die lening vanaf OSK Koöperatiewe Bank Beperk LO001.				
Doosan DX55W Graafmasjien (teen drawaarde)	330,000	418,000	-	-
Hierdie graafmasjien dien as sekuriteit vir die lening vanaf Orania Groeifonds Beperk.				
Aandeleblok N025 (teen kosprys)	691,170	691,170	-	-
Aandeleblok N025 dien as sekuriteit vir die lening vanaf Orania Groeifonds (Edms) Bpk.				
Ford Ranger 2004 (teen drawaarde)	114,080	-	-	-
Hierdie voertuig dien as sekuriteit vir die langtermyn lening vanaf OSK Koöperatiewe Bank Beperk LV148.				

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële jaarstate

Syfers in Rand	Groep		Maatskappy	
	2023	2022	2023	2022

### 3. Eiendom, aanleg en toerusting (vervolg)

#### Veranderings in ramings

Die maatskappy en groep herbeoordeel die nuttige lewensduur en reswaardes van items van die maatskappy aan die einde van elke verslagdoeningstydperk, in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid en IAS 16 Eiendom, aanleg en toerusting. Hierdie assesserings is gebaseer op historiese ontleding, maatstawwe en die jongste beskikbare en betroubare inligting.

Die nuttige lewensduur van verskeie bates is hersien op 31 Desember 2023 wat tot gevolg het dat die verwagte gemiddelde nuttige lewensduur van alle bates verhoog het van 2,92 tot 3,91 op 31 Desember 2023. Dit het tot gevolg dat daar 'n vermindering in die jaarlikse depresiasie vir die volgende 4 jaar van R350 962 sal wees.

### 4. Ontasbare bates

Groep	2023			2022		
	Kosprys	Opgehoopte amortisasie	Drawaarde	Kosprys	Opgehoopte amortisasie	Drawaarde
Rekenaarsagteware	44,074	(42,282)	1,792	42,875	(36,688)	6,187

Maatskappy	2023			2022		
	Kosprys	Opgehoopte amortisasie	Drawaarde	Kosprys	Opgehoopte amortisasie	Drawaarde
Rekenaarsagteware	21,474	(19,682)	1,792	20,275	(17,121)	3,154

#### Rekonsiliasie van ontasbare bates - Groep - 2023

	Beginsaldo	Byvoegings	Amortisasie	Eindsaldo
Rekenaarsagteware	6,187	1,199	(5,594)	1,792

#### Rekonsiliasie van ontasbare bates - Groep - 2022

	Beginsaldo	Amortisasie	Eindsaldo
Rekenaarsagteware	12,033	(5,846)	6,187

#### Rekonsiliasie van ontasbare bates - Maatskappy - 2023

	Beginsaldo	Byvoegings	Amortisasie	Eindsaldo
Rekenaarsagteware	3,154	1,199	(2,561)	1,792

#### Rekonsiliasie van ontasbare bates - Maatskappy - 2022

	Beginsaldo	Amortisasie	Eindsaldo
Rekenaarsagteware	5,591	(2,437)	3,154

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële jaarstate

Syfers in Rand	Groep		Maatskappy	
	2023	2022	2023	2022

### 5. Beleggings in filiale

Die volgende tabel lys die entiteite wat direk deur die maatskappy beheer word, en die drabedrae van die beleggings in die maatskappy se afsonderlike finansiële jaarstate.

Naam van filiaal	% aandeel- houding 2023	% aandeel- houding 2022	Drabedrag 2023	Drabedrag 2022
Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk	100.00 %	100.00 %	9,529,847	9,529,847
Orania Veiligheidsdienste (Edms) Bpk	100.00 %	100.00 %	1,516,556	1,516,556
			<b>11,046,403</b>	<b>11,046,403</b>

Al die entiteite is in Suid-Afrika geïnkorporeer en het dieselfde jaareinde as die groep.

### Filiale met beduidende nie-beherende belang

Die volgende inligting word verskaf vir filiale met nie-beherende belange wat wesenlik is vir die verslagdoeningsmaatskappy. Die opgesomde finansiële inligting word verskaf voor intermaatskappy-eliminasië.

Filiaal	% Eienaarskap van nie- beherende belang 2023	% Eienaarskap van nie- beherende belang 2022
Orasol (Edms) Bpk	40%	40%

Opsomende staat van finansiële posisie soos op 31 Desember 2023 van Orasol (Edms) Bpk:

Bates	2023	2022
Nie-bedryfsbates	13,216,448	9,370,875
Bedryfsbates	712,477	80,264
	<b>13,928,925</b>	<b>9,451,139</b>
<b>Laste</b>		
Nie-bedryfslase	7,553,185	4,686,744
Bedryfslaste	7,116,480	5,499,880
	<b>14,669,665</b>	<b>10,186,624</b>
Totale netto bates (laste)	(740,740)	(735,485)
Drabedrag van nie-beherende belang	800,097	163,115

# Orania Aandeleblok (RF) (Edms) Bpk

(Registrasienuommer 1990/005353/07)

Gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Desember 2023

## Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële jaarstate

Syfers in Rand	Groep		Maatskappy	
	2023	2022	2023	2022
<b>6. Lenings aan (vanaf) groepmaatskappye</b>				
<b>Filiale</b>				
<b>Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk</b>	-	-	2,725,284	-
Die lening is toegestaan vir opgelope administratiewe fooie.				
Die lening is onverseker, het geen rente gedra nie en is opeisbaar binne 12 maande.				
<b>Orania Veiligheidsdienste (Edms) Bpk</b>	-	-	385,145	-
Die lening is toegestaan vir opgelope administratiewe fooie en invorderings namens Orania Veiligheidsdienste (Edms) Bpk geadministreer.				
Die lening is onverseker, dra geen rente nie en is opeisbaar binne 12 maande.				
	-	-	<b>3,110,429</b>	-
<b>Filiaal van Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk</b>				
<b>Orasol (Edms) Bpk</b>	-	-	2,088,820	-
Die lening dra rente teen 'n rentekoers van 11,75% per jaar is terugbetaalbaar aan die einde van 'n 60 maande periode wat op 31 Julie 2028 eindig.				
<b>Verdeling tussen nie-bedryfs- en bedryfs gedeeltes</b>				
Nie-bedryfsbates	-	-	2,088,820	-
Bedryfsbates	-	-	3,110,429	-
	-	-	<b>5,199,249</b>	-
Nie-bedryfsbates	-	-	2,088,820	-
	-	-	<b>5,199,249</b>	-

### Blootstelling aan kredietrisiko

Lenings ontvangbaar stel die maatskappy inherent bloot aan kredietrisiko, synde die risiko dat die maatskappy finansiële verlies sal ly as teenpartyte versuim om betalings te maak soos hulle verskuldig is. Die billike waarde van groep lenings is gelykstaande aan die drabedrae van die korttermyn aard van die lenings. Die korttermyn aard van die lenings is nie weselik nie.

